GEMEENTEBULLETIN

VERSORG · TOEGERUS · GESTUUR
TUINEDAL
huisgesin van God

Nagmaal – 09:00 in kerkgebou.
Ds. Pieter van Santen
Tema: Jesus – die nuwe verbond **Teks:** Jer 31 : 31-33

Tieners (almal gr.7 en ouer) na erediens in saal. Huiskerk by www.tuinedal.co.za of per whatsapp by 061 470 3626

AS HUISGESIN VAN GOD...

...WIL TUINEDAL 'N **VEILIGE RUIMTE** WEES WAAR GOED **VERSORGDE** EN **TOEGERUSTE** LIDMATE **GESTUUR** WORD NA 'N STUKKENDE WÊRELD – TOT **EER VAN GOD**.

We remember that God gave the world Jesus, and Jesus gave us his life.

ONS VANG MEKAAR!

Het jy 'n behoefte aan:
- Fisiese besoek deur 'n leraar of kerkraadslid.
- Telefoon oproep.
- Whatsapp of SMS.

Jy kan self jou naam opsit of as jy weet van iemand wat kontak behoefte het. Stuur vir Betsie 'n boodskap by 0614703626. Kontakvorms is beskikbaar op ons webtuiste om uit te druk of jy kan dit sommer aanlyn invul.

Nedbank: Rekening naam: NGK George-Tuinedal
Tjek rek no:
114 289 5416,
Takkode: 198-765
Kaart-fasiliteit by die kantoor beskikbaar.

DEURKOLLEKTE:
Noodvoeding

Kerkkantoor nuus

* Betsie skuif eersdaags na haar nuwe kantoor! Die kantoorure is tans 8:00 tot 13:00, Maandag tot Vrydag.

* Die datum van die kerkraads-vergadering het verander, die nuwe datum is 15 Maart.

Kommunikasie en Bemarking

Daar is nuwe inligting op ons webblad, gaan kyk gerus. **Vind en volg ons ook op Instagram!**

Eerste Sondag in lydenstyd. Ons vier nagmaal in die kerk om 9 uur.

Groepbediening: 'n vars begin.

Die nuwe kleingroepmateriaal is hier! Week 2 se materiaal is reeds op die webblad gelaai tesame met maklike riglyne oor hoe om so 'n groep te begin. **Dit is bedoel vir JOU en die mense in jou leefwêreld**. Deel dit asseblief met vriende en familie. Ons verwelkom opbouende terugvoering oor dit aan die kantoor. www.tuinedal.co.za.

KERK, SKOOL VAT HANDE

Mnr Sas du Plessis besoek ons terrein en LGS se nuwe Preprimêre klas.

"Ons is opgewonde oor die nuwe vennootskap. Beide Laerskool George-Suid en Tuinedal-gemeente deel 'n visie en strategie om die gemeenskap te dien."

Foto: George Herald

VOORBIDDING

Jakobus 5:16 "Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking."

- ... vir **alle Matrieks.** Hulle punte word Dinsdag 23 Februarie bekend gemaak. Bid vir die ouers se senuwees.
- ... vir die **leierskap en kerkraad** van Tuinedal. Vir leerbaarheid, vertroue, deernis en openheid. Vir die implimentering van die besluite en vir die uitwerk van hoe ons gaan saamwerk met George-Suid gemeente.
- **...vir die gesondheidsektor wêreldwyd,** vir die bekamping van die Koronavirus, die ontwikkeling van 'n teenmiddel en geneesmiddel en vir mense wat die virus onder lede het.
- ...vir die **welstand van gesinne**. Ons bid spesifiek vir emosionele, fisiese en geestelike welwees. Ons bid opnuut vir vreugde en balans in hul lewens.
- ...vir die **ekonomiese klimaat** in ons land, verantwoordelike rentmeesterskap, etiese leierskap en goeie finansiële bestuur.
- ...vir ons internasionale **sendelinge**: Gerhard en Nadine in China; Stéphan en Carina & Elmar en Nadine in Japan. Ook vir ons binnelandse **sendelinge**: Grant en Loki in Port Elizabeth wat onder die studente by NMU werk & E.J. en Koekoes in Kamieskroon onder YFC.

Siekes en ongesteldes in ons gemeente: **Anelda Jacobs** (14) (verdrinking), **Harry Williams, EJ en Koekoes van As** (Covid-19), **Judy** (kanker), **Annalisa** (kanker), **Marlyn van Rooyen** (kanker), **George Delport** (kanker) en almal wat herstel na kankerbehandeling.

VERJAARSDAE

Baie geluk!

Vandag 21 Februarie:	**Petroney Groenewald** BW1 & **Marike Laube** 0722430964 Dor5
Dinsdag 23 Februarie:	**Andries Bisschoff** 0733793296 PA4
Woensdag 24 Februarie:	**Laetitia Terblanche** 0728354030 Bos2
Donderdag 25 Februarie:	**André de Kock** 0832704973 Dor5
Vrydag 26 Februarie:	**Deidré Kalis** 0792656297 Dor2

Dor = Dormehlsdrift, GS = George Suid, Bos = Bos en Dal, PA = Pacaltsdorp, K = Kingswood en King George Park & RR Rooirivier Rif.